NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

14 Maart 2023

Beste Kollega

GRAVAMEN EN BESWAARSKRIFTE : ALGEMENE SINODESITTING

Met die oog op die Algemene Sinodesitting van 15-20 Oktober 2023 die volgende ten opsigte van Gravamen en Beswaarskrifte

Reglement 23 bepaal die volgende oor Gravamen:

3. LEERSTELLIGE BESWAAR (GRAVAMEN)

3.1 'n Leerstellige beswaar (gravamen) is 'n ernstige beswaar teen 'n besluit wat die Algemene Sinode geneem het ten opsigte van 'n leerstellige aangeleentheid.

Benewens 'n kerkordelike prosedurele beswaar of hersiening (revisie), kan 'n lidmaat of 'n kerkvergadering wat 'n ernstige beswaar op grond van die Bybel en die belydenis teen 'n besluit van die Algemene Sinode het, die beswaar by wyse van 'n skriftelike leerstellige beswaar (gravamen) aan die Algemene Sinode voorlê.

Die volgende riglyne word gegee met betrekking tot die opstel en indiening van 'n gravamen. Hierdie riglyne kan ook gebruik word in die beoordeling van die ontvanklikheid van Gravamen:

- 'n Gravamen kan deur enige lidmaat of 'n kerkvergadering (kerkraad, ring of sinode) ingedien word
- 'n Gravamen moet 'n beroep doen op die sinode om 'n beslissing met betrekking tot die leer van die kerk te maak.
- 'n Gravamen moet die beswaar / beroep bewoord en daar moet duidelik aangedui word teen watter besluit wat die leer van die kerk raak, beswaar gemaak

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa
+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380
http://ngkerk.net/
info@ngkerk.org.za
PBO nr. 930006591

- Die beswaar moet gemotiveer wees en deeglik beredeneer word. 'n Beswaar / beroep sonder beredenering word nie beskou as 'n ontvanklike gravamen nie.

- In die beredenering van die beroep/beswaar moet daar vermelding en beredenering vanuit die Skrif en/of Belydenisskrifte en/of die Kerkorde wees.

- Gravamina, beswaarskrifte, voorleggings moet skriftelik aan die Algemene Sinode gerig wees en voor/op die afsnydatum ingedien wees.

- Skrywes wat enige vorm van kerklik onaanvaarbare taal gebruik, is nie ontvanklik nie.

Beswaarskrifte en Gravamen moet die Algemene sekretaris nie later as **8 Junie 2023** om **12:00** bereik nie.

Vriendelike groete

GUSTAV CLAASSEN
ALGEMENE SEKRETARIS